**16 Februarie** **Skrifgedeelte: Psalm 84**
**Fokusgedeelte: Psalm 84:2, 3, 11**

## Hoe lief het ek u woning!

Verlange na die huis van die Here, die tempel – dáároor sing Psalm 84. Die tempel was in die ou die bedeling die teken van die Here se teenwoordigheid. Dáár het die Here onder sy volk gewoon. Die Israeliete het met feestye opgetrek na die tempel van Jerusalem. Op pad daarnatoe het hulle gesing oor hulle verlange na die huis van die Here. Dit het uiteindelik daaroor gegaan om by die Here te wees.

Die tempel het hierdie betekenis gehad tot en met die koms van Jesus Christus. Johannes beskryf Jesus se koms so (Joh 1:14): “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” Jesus het na Homself verwys as die tempel van die Here (Joh 3:19, 20). Sy koms en optrede, sy lyde en sterwe hier op aarde het die vervulling van Johannes se vergesig in die boek Openbaring moontlik gemaak: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly …” (Op 21:3).

Dan gaan die Here nooit weer van ons weg nie – dan is ons vir altyd by die Here!

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-5* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*